CHRISTELIK CHRISTIAN · INCLUSIVE INKLUSIEF · TOEGANKLIK APPROACHABLE · BALANCE BALANS

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

Liewe Ouers, Leerders en Personeel

**"Teamwork is the art of turning individual effort into collective victory."**

Laerskool Midstream Ridge Primary was die afgelope tyd bevoorreg om op verskeie gebiede, welslae te behaal.
Die atletiek wat verder, hoër en vinniger gevorder het – die swemspanne wat "posisies" laat spat het; ons Opedag; die netbal- en rugbyspanne wat wenpersentasies verbeter het; ons kore wat in slegs twee maande soos nagtegale sing, tot pret met die Wiskunde-$\pi$-dag.
Bogenoemde en nog vele meer kan net gebeur met elke individu (leerders, ouers en onderwysers), wat deel van 'n sterk spinneweb is.

Ons is opreg dankbaar vir elkeen se ondersteuning, opoffering en deursettingsvermoë, om saam, tree vir tree, berge te versit.

Doen so voort!

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**

**Midstream Magazine Feb 2026**

**Struikel-blokke bou spiere!**

# RAKKER-SWEMSTERRE

Ons is ongelooflik trots op ons swemspanne en hul uitstekende prestasies. Hul toewyding en harde werk wys dat ons met deursettingsvermoë en ondersteuning hoë hoogtes kan bereik! Baie dankie aan ons toegewyde afrigters en aan elke swemmer wat ons skool met trots verteenwoordig.
















# RAKKER ATLETIEKSTER

Ons wens Hein Parrott alle sterkte toe met sy deelname in die 1500 m-stap aan die Gauteng Kampioenskap die komende naweek by Germiston Atletiekstadion.

## RIDGE KLASTORIE-AAND 2026!

Die Ridge Klastorie-aand vind op Maandag 23 Maart vanaf 16:30-20:00 plaas. Die luisteraars kom in die saal bymekaar met 'n "sitkussing", kombers en 'n PIEKNIEKMANDJIE. (Geen teddiebere of speelgoed nie, asseblief.) Daar sal 'n pouse wees waartydens leerders versnaperinge uit hul piekniekmandjie kan geniet.
Die tema vir hierdie jaar is JUMANJI!

Let wel: Dié aand is SLEGS vir graad 4- tot graad 7-leerders. Ons kan ongelukkig nie boeties en sussies akkommodeer nie. Die koste verbonde aan die aand beloop R150-00 per leerder. Die bedrag sal teen die einde van April van u rekening verhaal word.

Ons versoek u vriendelik om nie later nie as Woensdag 18 Maart die skeurstrokie te voltooi en na u kind se Afrikaansonderwyser(es) terug te stuur. Aangesien alle beplanning reeds voor die aand geskied, kan ons ongelukkig geen laat inskrywings aanvaar nie.

Kontakpersoon: Me. T. Smith twanis@lmrp.co.za

Die storie-aand vir Engelssprekende leerders sal op 22 Junie 2026 plaasvind.

# INLIGTING

| UNIFORMWINKEL VAKANSIE-URE (MAART - APRIL 2026) | |
|---|---|
| Vrydag 27 Maart | **07:00-15:00** |
| Saterdag 28 Maart tot Woensdag 8 April | **GESLUIT** |
| Donderdag 9 April en Vrydag 10 April | **08:00-16:00** |
| Maandag 13 April | **08:00-17:00** |
| Dinsdag 14 April | **07:00-17:00** |
| **Vir dringende navrae 064 937 0551** | |

[BLGG Studie-metodekursus]

[Capriole Stables Vakansie-poniekamp]

[Clubstream Klerebestellings]




## MIDSTREAM COLLEGE OPEDAG

## Ridge Boekwinkel

### Kontakbesonderhede

Neem kennis ons kontakbesonderhede verander na:

**076 483 2593**

(WhatsApp & Oproepe)

Nuusbrief 05 / 13 Maart 2026

# MRP FAMILIEDAG!

## KARNAVAL
## DONKIE DERBY
## CANSA SHAVATHON

Die Donkie Derby en karnaval is LMRP se groot familie-kuier vir die jaar, daarom nooi ons ALMAL om deel van dié dag te wees. Die ingangsfooie en kaartjieverkope word hoofsaaklik aangewend om die kostes van die dag te dek. 'n Gedeelte daarvan is deel van die graad 7-fonds.

Graad 1 – Swart
Graad 2 – Wit
Graad 3 – Geel
Graad 4 – Groen
Graad 5 – Rooi
Graad 6 – Blou
Graad 7 – Oranje











# Paasete

Paasfees is die belangrikste fees op die Christen-kalender. Nie net vier ons Jesus se kruisiging, waar hy vir ons sondes gesterf het nie, maar ook Sy opstanding.

## Vrydag 27 Maart

Leerders sal in registerverband hulle Paasete in hul klasse hou.
Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers om op die dag "Bybelse" kos in 'n kospakkie vir u kind te pak. Die kos kan die volgende insluit:

- 🍇vrugte (druiwe, vye)
- 🧀kaas
- 🥖brood
- koue vleis
- druiwesap
- 🥛melk
- dadels
- heuning

Leerders moet hul skooluniform dra en die volgende items saambring:

- 'n Kussing of klein kombersie waarop hulle kan sit
- Seuns: 'n vadoek of klein handdoek wat jy op jou kop kan dra
- Dogters: 'n groot serp wat jy om jou kop kan drapeer

| Datum | Kleur | Bybelvers | Simboliek |
|---|---|---|---|
| 18 Maart | pers | Romeine 3:9 | Ons sonde |
| 19 Maart | rooi | 1 Johannes 1:7-8 | Jesus se bloed wat vir ons gestort is |
| 20 Maart | grys | 1 Johannes 1:9 | Ons bely ons sondes |
| 23 Maart | swart | Matteus 27:50 | Jesus het vir ons sondes gesterf |
| 24 Maart | groen | 2 Petrus 3:18 | Ons groei as Christene |
| 25 Maart | wit | 1 Korintiërs 15:57 | Jesus het die dood oorwin en ons is gered |
| 26 Maart | geel | Matteus 5:8 | Laat jou lig vir Jesus skyn |

# PAASPRET BEGIN HIER!

## PAASFEESPAKKIES

**Aflewerings vind op Vrydag 27 Maart plaas**

### KOLWYNTJIE-BOKS!

(VERSIER JOU EIE KOLWYNTJIE)

**Ingesluit:**

- 1 x Kolwyntjie
- 1 x Versiersuiker en klein lepel
- Verskeie versierings
- 1 x Vrugtesap 200 ml
- 1 x Paaseier

**@ R55 per boks**

### PAASFEESSAKKIE

**Ingesluit:**

- 1 x "Mini-Hot Cross Bun"
- 2 x Beesfrikkadelle (met 'n sous)
- 1 x Mini-hoendermayo ringbrood
- 1 x Vrug
- 1 x Paaseier
- 1 x Vrugtesap 200 ml

**+ Paasfees "maze"...**

**@ R85 per sakkie**

**Bestel NOU op www.theridgetuckshop.co.za**

**Bestellings sluit: Woensdag 25 Maart 2026 @ 08h00**




## MANDELADAG-UITREIKPROJEK



Ter voorbereiding van ons jaarlikse uitreik-projek, Mandeladag, wat in Julie plaasvind, benodig ons asseblief leë skoenbokse. Meer inligting rakende dié projek sal binnekort deurgegee word.

## MC GRAAD 8-INSKRYWINGS (2027)

Graad 8-inskrywings vir 2027 is vanaf 19 Januarie tot 28 April 2026 oop. Indien u, u kind by Midstream College wil inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek die Midstream College-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn-toelatingsvorm.
https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/
Vir enige toelatingsnavrae, kontak **me. Anique van Zyl**. (admissions@midstreamcollege.co.za)

## LMRP GRAAD 1-INSKRYWINGS (2027)

Dit is vir ons aangenaam om u in kennis te stel dat aansoeke vir graad 1 (2027) nou oop is. Ons moedig alle belangstellende ouers aan om hul aansoeke in te dien. Deur betyds aansoek te doen, help u om enige administratiewe prosedures en voorbereidings betyds af te handel, wat die proses vir u en u kind gemakliker maak. Om aansoek te doen, besoek asseblief LMRP TOELATINGS vir gedetailleerde inligting en instruksies om die aanlyn aansoek te voltooi. Vir enige navrae of hulp met die aansoekproses, kontak asseblief vir **Corrie Burger** in die toelatingskantoor by corrieb@lmrp.co.za of 012 9409122.

# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RakkerCare | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook.* |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram.* |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |